# *Loergaatjie op ons Lewens*

*Im Nustenbacher Grund 8, 74821 Mosbach, Duitsland – Tel +49 6261 6741700 - Email:mengessandra@gmail.com*

Mei 2012

Liefste Julle!

Vandag is 'n luilekker dag. Ons is in die middel van 'n langnaweek en vandag het elkeen van ons ons eie plannetjies. Ek en Annelie gaan tyd saam spandeer, so voor sy wakker word, is ek op om gou by julle te kuier. Buite vergesel die voëltjies my met die allermooiste oggendgesang!

Presies 'n jaar terug het ons die vreugde gehad om by julle almal te kuier. Ek dink so verskriklik baie daaraan terug. Daar was soveel ongelooflike kosbare oomblikke! Baie, baie dankie vir alles wat julle vir ons gedoen het – en dat julle bereid is om oor soveel jare nog steeds regtig vir ons om te gee – al is ons so ver. Ek is bewus van julle kosbaarheid soos mens bewus is van 'n kosbare besitting. Dankie, dankie!

Maart dié jaar het ek met 12 Duitsers in Suid-Afrika getoer. My doel met die toer was drievoudig: 'n onvergeetlike vakansie in die mooiste land, die geleentheid om te sien hoe Suid-Afrikaanse gelowiges 'n verskil maak in hul eie omgewing en die hoop dat God vir hulle (die toerlede) sal wys hoe hulle self 'n verskil in hul eie omgewing in Duitsland kan maak.

Die 12 kosbare mense kom van regoor Duitsland en was tussen 36 en 75 jaar oud. Ons het gou lekker gekuier en mekaar leer ken!

Dit was 'n besonderse reis! Ons het in Kaapstad begin: Waterfront, Tafelberg en die pragtige pad al langs die see. Ons het tyd in Hermanus gehad, 'n trekkerrit in Montagu berg-op met potjiekos afgerond. Daarna is ons Oudtshoorn toe – 'n paar volstruise in die oë gekyk en toe die pragtige tuinroete aangepak. Brenton se golwe en Knysna se asemrowende skoonheid was heerlik. Daarna het ons na Johannesburg gevlieg en die lang pad na Vaalwater aangepak. (Sjoe, het die hoogte bo seespieël die ouens gevang!) In Vaalwater het ons 'n skouspel van natuur, sterre en diere beleef, afgerond met 'n 'bush breakfast' en twee kameelperde wat nuuskierig kyk wat daar aangaan. En toe Pretoria... en terug Duitsland toe. 'n Klein klein venstertjie op ons grote, mooie land!

Maar die mense oortref die land! Voor die groep aangekom het, het ek 'n kosbare een en 'n half dae met my ouers gekuier. Toe ek die groep moes gaan ontmoet by die lughawe, is Pa se kar stukkend en moes ek 'n taxi bestel. Mmm, ek is nie 'n ou vir taxi ry nie – maar in die nood doen mens baie dinge. En daar stuur God vir my die kosbaarste taxibestuurder denkbaar. 'n Dierbare ouer bruin man – 'n gelowige met 'n Moslem agtergrond. Hy vertel my hoe hy meestal toeriste tussen hotel, ervarings en kroeg rondry. Onlangs het hy 'n week lank altyd dieselfde drie Europese meisies rondgery. Op 'n aand, toe hy hulle gaan haal by die kroeg om terug te vat hotel toe, het een van die meisies 'n plaaslike mannetjie by haar wat sy wil saamvat hotel toe. Net daar sit hy sy voet neer en verbied haar om dit te doen. 'As jou pa hier was, sou hy dit nie toegelaat het nie. Jou pa is nie hier nie so nou sê ek vir jou: tot hier toe en nie verder nie. Jy mors jou lewe op en jy is te jonk om te besef wat jy doen.' vertel hy haar. Wow! Olaf, die taximan, het my vertel hoe hy probeer om God te eer in sy werk.

En so gaan dit aan. Vir elke tweede dag het ek mense gereël by wie ons gekuier het, tussenin het God afsprake op interessante plekke en met interessante mense gereël. Daar was Linda en Abrie wat ons in hulle gastehuis soos konings behandel het – tot in die fynste detail – insluitende 'n afskeidsgeskenkie by ons laaste ontbyt. Daar was Heide Lehmann in Stellenbosch wat 'n emosionele tuiste bied aan die vroue van buitelandse na-graadse studente. Dan die ou egpaar in Montagu se township wat daar is vir die klein kindertjies in die omgewing om in al hulle behoeftes te voorsien – sommer so spontaan en sonder organisasie of hulpfondse doen hulle hul ding. Boervrou Liese wat vir plaaskinders en –vroue raaksien en hulle geestelik help versorg. En dan broer Anton wat weet hoe om vir God rentmeester te wees….. 'Moenie wag tot iets op jou hart is voor jy gee nie, gee, en dan sal dit na die tyd op jou hart wees, want waar jou geld gaan, daar gaan jou hart saam.' En natuurlik het ons ook by Ella gaan kuier by haar huis in die township waar sy vir ons gewys het hoe om dromme te speel en Xhosa klieke te maak – en hoe om vir mense om te gee.

Soos ons ry van plek tot plek, het ek weer en weer van ander mense se stories vertel. Julle stories. Julle vir wie ons nie genoeg tyd gehad het om by te stop nie. Ek kon vertel van mense wat bid, mense wat gee, mense wat omgee, kerke wat lewe en dààr is vir die gemeenskap, projekte wat 'n verskil maak. En hoe verder ek ry, hoe meer vertel mense my van nog mense wat hulle ken wat 'n verskil maak in ander se lewens. Mense wat uit hulle pad gaan om God te dien deur mense te help.

Liewe Julle, Suid-Afrika se storie is uniek. Natuurlik weet ek ook van die sleg en die swaar, maar die mooi is baie mooi en baie kosbaar en absoluut en heeltemal uniek!

En die groep het dit waargeneem. Die eerste dag kyk hulle na die souvenirs by stalletjies. Hulle kyk, neem foto's en koop (of nie). Toe kuier ons by Markus van OM Diaspora in Kaapstad. Hulle span werk onder die Afrika buitelanders wat hulle ware by Greenmarket Square verkoop. Hulle vertel van God se visie vir buitelanders en van die mense met wie hulle werk. 'n Man in ons groep begin huil: 'Vir die eerste keer kom ek agter dat die buitelanders in Duitsland iets met my te doen het', sê hy. Ons gaan Greenmarket toe om te kyk waar hulle werk en wrintie, iets het verander. Hulle stap na die stalletjies en praat met die mense, vind uit wie hulle is, wat hulle name is, waar hulle kinders is en hoe dit met hulle gaan. En as daar nog tyd is, kyk hulle na die souvenirs.

Een aand vertel Linda en Abrie vir ons hoe hulle gastehuis 'n bediening is. Ons beleef dit aan ons eie lywe, maar nog meer, Linda en Abrie vertel hoe hulle elke dag vir al hulle gaste by die naam bid. Die getuienis is vir een van ons vroue die hoogtepunt. Vir haar was dit geweldig groot dat iemand vir haar by die naam bid – al ken hulle haar nie eens nie. Vir haar was dit ook 'n groot uitdaging om te besef vir hoeveel mense sy tuis kan bid – al ken sy hulle nie. 'n Stukkie bewuswording het in haar gebeur – die wete dat sy dit werd is dat iemand vir haar gebid het.

Abrie vertel ook hoe ons gemeente (Bergsig) ontwikkel het in die verstaan van 'n uitreik-gemeente wees en hoe, oor die jare, die gemeente dit meer en meer leef. Ons kuier een Sondag by my liewe gemeente en die toergroep staan verstom. Weer en weer het een persoon op pad daaroor nagedink, probeer dink hoe hulle gemeente in Duitsland meer dit kan word wat Bergsig is. Lekker het ek ge'smile' toe Abrie vertel van die gemeente se betrokkenheid by die 'eindhoeke van die aarde'. Hulle wou toe weet waar dit is. Abrie rits 'n ry name van verskillende lande af – insluitende Duitsland. Hulle monde het oopgeval. Nog nooit het hulle gedink dat hùlle aan die eindhoeke bly nie! Ons kon later meer

daaroor gesels – hulle help besef hoe geestelik arm Duitsland is. Dat die Duitsers geestelik gesproke in *Shacks* in *Townships* bly. ' n Nuwe gedagte!

In Knysna geniet hulle die Afrika gevoel in die township. Die gasvryheid, die vriendelike mense, die oop huise en harte. Ons gaan Sondag na die plaaslike kerk met lewendige Afrika gesang. Eers word gesing dat die dak bewe (vergesel met heerlike danspassies), toe kom drie preke in 'n ry. En toe staan ons op en loop uit, al is dit nog alles nie klaar nie. Meeste van die gesang was 'n herhaling van dieselfde woorde. Soos Afrika Taize, sê een van die mense. 'n Eenvoudige herhaling van Bybelse waarhede tot dit diep in hulle harte vassteek. 'Na so 'n erediens kan mens enige week aanpak', sê een. Definitief vreemd en 'n nuwe ervaring!

In Pretoria kuier ons by OM Afrika. Ons stap in en word deel van hulle weeklikse gebedstyd. 'n Hele uur lank bid ons saam vir die vervolgde kerk. Toe stap ons saggies uit terwyl hulle verder bid. Een man staan verstom dat ons in Afrika vir dieselfde dinge bid as hulle in Noord-Duitsland. 'n Nuwe bewuswording van die eenheid van die kerk wêreldwyd, het vir hom oopgegaan.

Ek kan nog baie meer skryf – van die indruk wat dit op hulle gelaat het om Alma en Nico in die middel van Mamelodi te ontmoet, besig om daar 'n verskil te maak in die hele AIDS problematiek, of die fantastiese braai wat OM SA vir ons voorberei het en vir die tyd wat verskeie mense geneem het om by ons te kuier. Meermaals het hulle gesê ek MOET dit weer doen sodat meer mense dit mag beleef. Hulle was baie bewus van die voorreg wat hulle gehad het om die land deur 'n 'insider' perspektief te kon leer ken.

Aan die einde van ons reis was hulle poot-uit. Ons dae was volgepak, maar die ervaring was baie kosbaar.

Die reis was vir my baie harde werk - die verantwoordelikheid om vir 12 mense te sorg vir 2 weke. Ek was die enigste een wat geweet het waarnatoe ons gaan en hoe om daar te kom, die verantwoordelikheid om die finansies te maak werk en al die rekeninge deurgaans te betaal, was nogal groot vir my. Ek was die ene wat perspektief moes bring op hulle ervarings, hulle vrae beantwoord. Ek was die busbestuurder vir die volle 2500 km. En snags, as ons uitgeput in ons beddens kruip, doen ek nog gou die toer se boeke en maak seker dat alles reg is vir die volgende dag. Drie dinge was nogal moeilik vir my – moeilik genoeg om te wonder of dit regtig die moeite werd is. Die eerste was dat ek so dikwels by mense moes verbyry waarvoor ek so lief is. Ek was so lus om te stop vir 'n kuiertjie, maar het geweet dat dit dié keer nie werk nie. Dit het my eindeloos gefrustreer. Die tweede was dat ek dikwels gesukkel het om te weet hoe om te reageer. In Duitsland is ek anders as in Suid-Afrika. Hier moet ek meer gereserveerd wees, minder emosioneel, meer gekontroleerd in my optrede omdat wie ek is, hier (in Duitsland) glad nie sal werk nie. In SA kan ek sommer wees, ek kan ontspan en spontaan wees. Maar met die toer het ek die Duitse mentaliteit saamgebring SA toe en soms was dit oorweldigend om daarmee reg te kom. Hoe tree ek op: dit wat spontaan in SA kom of dit wat ek in Duitsland doen om misverstande uit te skakel? Hoe hanteer ek kritiese vrae en opmerkings: kan ek dit hanteer as hulle Duits-analities na dinge in SA kyk of vervies ek my? Na die toer moes ek baie daaroor nadink en leer vir die toekoms. Die derde ding was dat ek eenvoudig my eie gesin so gemis het! Ek wil maar om my kinders kloek – maar so stadigaan moet ek leer om hulle ruimte te gee.

En hoe was dit vir die kinders? Hulle het my gemis, maar het goed reggekom – en Tobias sê dit is heerlik om by die huis te wees! Hy wil dit definitief weer doen. Ek sien ook hoe goed dit die verhouding tussen hom en die kinders gedoen het. Hulle is nou meer geneig om hom te vra oor skoolwerk as voorheen – en ek staan lekker terug en geniet hoe hulle verhouding gegroei het in die twee weke. Iemand het ons kinders gevra of hulle pappa 'n goeie mamma was. Nee, sê hulle: hy was 'n goeie pappa ☺.

Nog iets wat kosbaar was, was om te sien hoe God ons reis geseën het. Hy was eenvoudig daar! Dit was sigbaar op baie maniere: Presies die tyd wat ons op Tafelberg was, was die lug oop en blou – en toe ons afry met die kabelkarretjie, toe trek dit toe! God het ook geweet hoe ek ondersteuning van liewe vriende nodig gaan hê vir die eerste daggies van die reis – en daar was hulle: reg om my moed in te praat en my te help deur die eerste daggies – toe ek dit nodig gehad het. Elke detail het in plek geval. Ons het niks pap wiele of probleme gehad nie. Niemand het erg siek geword nie en die eerste reëndag was die dag toe ons terugvlieg. Alles het baie, baie goed uitgewerk. Sy Hand was duidelik sigbaar!

En ja, ek sal dit weer doen. Volgende jaar 1 Maart kom ek hopelik met nog 'n groep. Een keer per jaar kan én wil ek dit doen.

Genoeg van die reis. Intussen gebeur ook ander dinge. Tobias was baie betrokke by skoling van gemeentes rondom die konsep hoe om nie-kerkgangers en nie-gelowiges te bereik. 'n Tema wat hy graag verduidelik. Met die evangelisasiespanne in Duitsland gaan dit baie goed. In Heilbronn kom meer en meer Moslems na ons weeklikse Donderdagaand eredienste. Ons span groei in Halle – binnekort gaan ons daar 'n koffiewinkel oopmaak. In die komende gaan Tobias Switzerland toe om te preek en Romenië toe om daar 'n retreat te lei. Sy werk in die leierskapspan van OM Duitsland verg ook baie tyd, besprekings en aandag.

Komende naweek is ek betrokke by 'n kunsforum wat die tema van kuns en sending gaan bekyk met Europa in gedagte. Ek hoop om daardeur ook meer insig te kry oor hoe ek die kunskoffiewinkel-ding kan aanpak en deurvoer. Die gaste kom en gaan in ons huis en die lewe is vol en besig. Ook ons kinders het 'n vol program. Ons skooljaar is nou besig om die laaste deel van die skooljaar se Curriculum deur te werk. Dis toetse, projekte en huiswerk. Intussen gaan Annelie en Ilana met hulle koor Italië toe om daar aan 'n internasionale kompetiese deel te neem. Ook gaan hulle binnekort kamp waar hulle Bybelstudies gaan doen en gaan perdry. Annelie se klas gaan ook iewers in die komende weke vir 'n dag Frankryk toe om hulle Frans op die strate te gaan uitprobeer en te sien of hulle regtig verstaan - en verstaan word - na twee jaar van Frans leer op skool.

So, genoeg vir vandag!

'n Uit-die-hart dankie vir dit wat julle doen en is vir ons. Ons is ontsettend dankbaar en diep bewus van die verskil wat julle in ons lewens maak. (As ek kon, was hier nou 'n bossie blomme aangeheg) ☺

Liefde

Tobias, Sandra, Annelie, Ilana en Liesl Menges